

[< Terug](#)[WEBWERWE/DIENSTE >](#)

Beeld

[Beeld Tuis >](#) [Suid-Afrika >](#) [Nuus](#)

Maximus is hondfris en soek 'n tuiste

Deur: Seugnet Esterhuyse
2011-06-29 00:03

Maximus, die snoetlose straatbrak wat sowat 'n maand gelede danksy dr. Gerhard Steenkamp, 'n veearts in die fakulteit veeartsenykunde by Onderstepoort, 'n nuwe snoet van titaan gekry het, is nou reg om 'n huis te kry.

Volgens me. Debbie Herselman, hoofbestuurder van Wetnose, wat sedert 23 April Maximus se huis is, het hy heeltemal herstel ná die operasie. "Hy soek nou net 'n huis waar hy baie liefde en aandag sal kry."

Herselman het bygevoeg dat dit iemand moet wees wat regtig vir hom sal omgee en nie net omdat hy nou "bekend" is nie.

Maximus het op die een of ander onverklaarbare manier die hele voorpunt van sy snoet en 'n deel van sy bokaak met sy voorste sny- en slagande verloor.

Mnr. Werner Appel het hom en vermoedelik sy "boetie" Titius na Wetnose gebring nadat hy maande lank moes spook om dié twee straatbrakke in Philip Nel-park, Pretoria, met kos nader te lok.

Steenkamp het Maximus se snoet op 26 Mei in 'n vier uur lange operasie herbou. Drie titaanplaatjies is gebruik.

Maximus het nou heeltemal herstel van dié operasie en het verlede week weer onder die mes gegaan om gesteriliseer te word. Een van sy tande is toe ook sommer reggemaak.

Volgens Herselman is sy oorval met belangstelling van die publiek in Maximus.

"Baie mense stel egter net in hom belang weens sy blootstelling in die media."

Maximus het ook nie oor die weg gekom met die honde van mense wat hom aanvanklik 'n huis wou gee nie.

"Hy is baie oorheersend en baklei met die ander honde."

Sy aanneemouers moet verkieslik iemand sonder honde wees wat afgetree is of dalk van die huis af werk, het sy gesê.

Hy is gek oor kinders.

Hy en sy "boetie" hoef nie saam aangeneem te word soos voorheen gedink is nie.

Mense wat belangstel, kan 082 677 8084 bel of e-pos stuur na wetnose@absamail.co.za.



Maximus kon gister nie genoeg kry van die aandag van vier skoolleerlinge, (van links na regs) Ocran Botes, Marchahn Smith, Mateen Carrim en Divan Uys van die Waterkloof House Preparatory School in Pretoria, wat Wetnose kom besoek het nie. Foto: Nelius Rademan



Gee my 'n huis, seblief? Foto: Nelius Rademan

Deel: [Email](#) [Twitter](#) [Google](#) [Facebook](#) [del.icio.us](#) [Digg](#)

Meer Berigte in Suid-Afrika

- 'Taalwet skend niemand se regte'
- Om alles weer self te doen
- Pta-buurt se huisies vir wagte moet waai
- 'Sluit net jul deure vir 'n paar maande'
- Dáárom in staat se visier

[«Terug](#)

SEARCH

[News24](#) | [Sport24](#) | [Wheels24](#) | [Channel24](#) | [Women24](#) | [Food24](#) | [Parent24](#) | [Nuus24](#) | [Volksblad](#) | [isiZulu](#) | [Die Burger](#) | [Beeld](#) | [Health24](#) | [Fin24](#) | [Sake24](#) | [CityPress](#) | [Rapport](#) | [Kenya](#) | [Pricecheck](#) | [Blueworld](#) | [Careers24](#) | [OLX Classifieds](#) | [Property24](#) | [More Services](#)

[HOME](#) | [TERMS](#) | [FEEDBACK](#)

© 24.com

[^ Terug na bo ^](#)